## 3 Julie - KONINKRYK (2)

*Ons is in die koninkryk van God om te dien*

**Skrifgedeelte: Matteus 21:28-32**
**Fokusgedeelte: Matteus 21:31b**

Soustreinryers kry jy nie net in die politiek nie, maar ook in die koninkryk van God. En daar is baie van hulle. Hulle praat so baie "ja", maar doen "nee". Vir die priesterhoofde en familiehoofde moes Jesus se kategoriese uitspraak dat tollenaars en prostitute voor hulle die koninkryk van God sal ingaan (vs 31), 'n skok wees. Hulle kwalifiseer dan om in te gaan, want hulle het die regte afkoms, het die besnydenis, die posisie en leer die mense.

Die tollenaars en prostitute verteenwoordig die "ek wil nie"-seun. Want as die roepstem van God tot hulle kom, wil hulle liewer in beheer bly van hulle selfgenietende lewe. Maar tog kom daar by hulle berou (vs 29) en dus bekering en hulle gaan dien in God se koninkryk.

Daarenteen is die priester- en familiehoofde deel van die "goed pa"-seun. Hulle sê "ja", maar doen "nee". Hulle reken hulleself as die swaargewigte wat baie sê, en daarom moet hulle in beheer wees, hulle gesag laat geld. Van diens is daar geen sprake nie. Dat hulle posisie en invloed in sekere sin hulle uiters geskik maak om kelners in God se koninkryk te wees ... aikôna. Om in die koninkryk van God in te gaan, sou vir hulle inhou dat hulle soos kelners God se bestuur, God se spyskaart vir die wêreld moes aanvaar en moes opdien wat God voorberei het. Hulle sou Christus moes bedien.

Daarom is 'n derde Seun nodig. Hy wat versoening bewerk, nie tussen die twee seuns nie, maar tussen die seuns en God die Vader. Hy wys aan die "nee"-seuns en die "ja"-seuns God se regering as Vader: Hy sorg, Hy voorsien (Matt 6:26 & 32). Hy neem, deurdat Hy die ander Seun voorsien, beheer van menselewens. 'n Beheer waardeur Hy ook die lewens van gediskwalifiseerdes verander tot gehoorsaamheid en diens.

Sy eniggebore Seun is die enigste kwalifikasie om in die koninkryk van God in te gaan. So het God dit op sy spyskaart voorberei. Hierdie spyskaart bedien ons in die wêreld.

Daarom moet ons nadink oor alles waarop ons al "ja" gesê het – dat ons dit ook doen.

*Sing: Psalm 116:7 & 9 (1936-beryming)* *Ds CA Jansen (Secunda)*